**Sondag 19 Maart**
**Skrifgedeelte: Jesaja 41:8-20**
**Fokusgedeelte: Jesaja 41:9, 10**
**Ons lewe is veilig in die hande van ons Here**

Hoekom hou die Here ons vas? Waarom is ek nog sy dienaar? Omdat God liefde is. Sonder enige voorwaardes kies God ons uit. *"Jy is my dienaar, Ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie."*

So leer die Bybel ons dat die diepste grond vir uitverkiesing in God Self lê, in God se welbehae. God is liefde in aksie, en dit sluit alle menslike voorwaardes uit. Uitverkiesing is nie geskoei op menslike goeddunke of goeie hoedanighede of dade nie, maar op God se liefde.

Daarom as ons vra: "Hoekom hou die Here ons vas?" is daar net een antwoord: omdat God ons liefhet en nooit, nooit sal laat vaar nie. Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om vir ons sondes te sterf, sodat elkeen van ons wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Daarom kan ons onvoorwaardelik op God vertrou. God is nie soos die afgode van hierdie wêreld wat deur mense gemaak word en met spykers regop gehou moet word nie. Inteendeel, ons is die maaksels van sy hande en Hy is die een wat ons regop sal hou in die lewe.

Daarom, hoor die woorde van die Here: *"Moenie bang wees nie!"* Ons liefdevolle hemelse Vader is in beheer van ons lewe, soveel so dat ons kan bely: *Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie.*

Hy ken ons en weet ons het sy genade en liefde nodig. Hy het Homself deur sy Heilige Gees aan ons verbind en verseker ons deur sy Woord dat ons lewe in sy hande is.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 3, 6*

*Ds. MJ Erasmus (Thys) (Nelspruit)*